Dr. Dick Steyn

Kragvelde binne die kerk

"Kragvelde binne die kerk" is die titel van 'n artikel wat prof. Willie Jonker, emeritusprofessor in Dogmatiek van die Universiteit van Stellenbosch, geskryf het in *Aambeeld*, Jaargang 26, nommer 1. *Aambeeld* is 'n meningsblad van die Randse Afrikaanse Universiteit.

Dit is nodig dat 'n mens kennis neem van hierdie insiggewende analise wat prof. Jonker gepubliseer het. Hy is van oordeel dat daar binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk histories drie kragvelde werksaam was en is. *Eerstens* kyk ons kortliks na 'n samevatting van die artikel deur Jonker; *tweedens* vra ons die vraag of daar nie moontlik nog ander kragvelde is wat aan die werk is nie, en *derdens* oorweeg ons in watter mate hierdie kragvelde ook in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die werk is.

Samevatting van die artikel van Jonker

Uit sy Nederlandse herkoms het die Nederduitse Gereformeerde Kerk die karakter van 'n gereformeerde volkskerk gekry. Dit wou 'n reformatoriese kerk wees wat aan die volkslewe 'n Christelike karakter verleen het. Daar was dus van die begin af die *gereformeerde karakter* en die *volkskarakter* in die kerk teenwoordig. Die derde kragveld het eintlik uit hierdie twee gegroei.

Ofskoon die kerk die openbare godsdienstigheid en sedes beïnvloed het, kon dit nooit die hele volk omvat nie en daar was 'n behoefte aan geestelike verdieping. Uit hierdie behoefte het dan eintlik 'n derde kragveld ontwikkel. Dit was naamlik 'n evangelikale (*evangelical*) spiritualiteit wat met die koms van die Skotse predikante, veral onder leiding van Andrew Murray, klem gelê het op 'n noodsaaklike geestelike herlewing. Hierdie derde kragveld was dan in die Nederduitse Gereformeerde Kerk veral verantwoordelik vir die groot ywer vir sending en evangelisasie wat daar binne hierdie kerk bestaan het en nog steeds bestaan.

Jonker is ook van mening dat hierdie evangelikaliese inslag in spanning met die gereformeerde karakter van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gekom het.

Vanuit hierdie kragvelde kan sekere gebeure binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk dan ook verklaar word.

- *"Die kragveld van volksverbondenheid het naas politieke faktore 'n rol gespeel in die wyse waarop lidmate in Transvaal hulleself van die Kaapse kerk losgemaak het om die Nederduitsch Hervormde Kerk te vorm."*

  Hierdie kragveld van volksverbondenheid was nog altyd die sterkste kragveld. Dit het 'n baie sterk rol gespeel in die Bybelse begronding van apartheid. Net so het die skeuring in Afrikanergeledere in 1986 – wat aanleiding gegee het tot die skeuring binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse Kerk – sy stukrag uit hierdie volksverbondenheid gekry. Die volksverbondenheid kan vorentoe dalk weer 'n rol speel wanneer finaal oor die Verenigende Gereformeerde Kerk besluit moet word. (Die jongste inligting wat deur die opname van *Kerkspieël* verkry is, bevestig nog 'n beduidende teenstand teen sogenaamde gesamentlike aanbidding.)

- *"Verskille in spiritualiteit en bepaalde klem op die gereformeerde karakter van die kerk het weer na vore gekom in die afskeiding van die Gereformeerde Kerke."*

  Omdat daar in die tipe vroomheid van die Skotse predikante 'n Arme-

niaanse gees ervaar is, is daar in verset gekom. Die bedoeling was om weer die gereformeerde karakter van die kerk te herstel.

- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in homself die elemente van volksverbondenheid en die belydeniskarakter behou, maar dit word *"diep deur die kragveld van 'n evangelikaliese spiritualiteit gestempel"*. Om dié rede is daar ook 'n groter openheid vir die soort vroomheid van die Charismatiese Beweging wat uit die metodisme gebore is. Hierdie soort vroomheid dra by tot 'n verswakking van die gereformeerde karakter van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en veroorsaak 'n tweeslagtigheid binne die kerk. Hierdie kragveld was verantwoordelik vir die stigting van die Christelike Gereformeerde Kerk onder leiding van die De Vos-broers.

Jonker hoop dat die kragveld van die gereformeerde karakter van die kerk spoedig weer 'n innerlike dinamiek sal openbaar. Sy evaluering van die huidige situasie is egter die volgende: *"Die kerklike aanslag beweeg eerder in die rigting van die **Evangelicals** en Anabaptiste as in dié van die Gereformeerdes. Kategoriale en huisgemeentes word bo territoriale gemeentes verkies. Die ervaringselement word oorheersend in prediking, lied en aanbidding. Die Woord-karakter van die kerk kom onder druk. Die Psalms het feitlik uit die eredienste verdwyn. In die plek daarvan kom liedjies met 'n **gospel**-inslag, soms selfs in Engels. Die Heidelbergse Kategismus en ander belydenisskrifte speel geen rol meer in prediking en kategese nie."*

Tot sover dan die samevatting van die artikel van Jonker.

Moontlike ander kragveld(e)

Die vraag is of 'n mens nie ook tekens van ander kragveld(e) kan identifiseer nie. Ek is van mening dat daar ten minste wel een belangrike kragveld is wat mense in hul godsdienstige uitlewing beïnvloed.

Vervreemding

Die begrip vervreemding ("alienation") is 'n term wat veral sterk deur die Neo-Marxisme gebruik is om die mens se verstaan van homself en sy samelewing te tipeer. Na die Tweede Wêreldoorlog se vernietiging en die sinloosheid waartoe mense in staat was, het die mens eintlik vreemd vir homself geword. Die mens se medemens het sy hel geword en die wêreld die slagoffer van die ontmensde mens. Die mens beleef homself in sy medemens en sy samelewing en is ontnugter met wat hy ontdek. Die mens reserveer en isoleer homself al meer in sy eie klein kokon van individualisme. Adorno, 'n Neo-Marxistiese filosoof, het ontnugterd gesê dat al wat vir die mens oorbly, is nou nog net om te dig. Die mens kan dus eintlik nog maar net onttrek in 'n droom oor wat kon wees. Salf aan die mensdom is daar eintlik nie meer te smeer nie.

Iets van hierdie vervreemding word tans deur die blanke Afrikanersamelewing beleef. In die geskiedenis van Suid-Afrika het dinge die afgelope eeu lelik skeefgeloop. Sekere van die dinge wat bekend geword het, laat 'n mens vra of sulke dinge werklik nodig en moontlik was. Was ons regtig tot sulke dinge in staat? Onthullings en gebeure na 1994, optrede van huidige leiers en voormalige leiers veroorsaak dat mense krities op 'n afstand gaan staan. Daar heers 'n grootskaalse teleurstelling in *"ons mense"*. Dit kom vir mense voor of die kerke ook deel uitgemaak het van die verraad in die verlede. Die kerke word beskuldig dat hulle mense bedrieg het, dat hulle nie helder en duidelik genoeg getuig het teen wanpraktyke wat ontstaan het nie.

Die rol wat partypolitiek by predikante, of predikante in die partypolitiek gespeel het, laat twyfel kom in hul opregtheid. Daar heers 'n algehele gees van verontwaardiging. Mense voel verraai en in die steek gelaat. Dit verg geen profeet om te vertel dat daar nuwe onvryhede en verraad op die horison lê nie. Die toekoms lyk op hierdie stadium erg *hoop*loos, veral vir blanke jongmans. By baie leef daar 'n afwagting van die ergste – letterlik en ekonomies. Jy en jou gesin kan enige dag die slagoffer word van gewelddadige misdaad en jarelange studie en harde, eerlike werk kan in 'n kort tydjie van jou geroof en weggeneem word met 'n regstellende aanstelling.

Wat maak mense met hierdie vervreemding? Dit lyk asof individualisme die antwoord skyn te wees – *elkeen vir homself en die duiwel haal die agterste een.* Die postmodernisme lyk vir baie mense na die oplossing. Elkeen maak wat hy wil, soos hy wil en wanneer hy wil. Die mense wat voorgeskryf het, het teleurgestel. Die dinge wat in die verlede voorgeskryf is, het ontnugter. Nou begin elkeen self die reëls vir die wedstryd van sy eie lewe te skryf en dan speel hy die lewe volgens sy eie reëls. Uit die aard van die saak sal so 'n kragveld wat werksaam is, homself op individualistiese maniere manifesteer. Daar is mos nie meer patrone vir mense se ge-

drag nie. Elkeen wil selfstandig wees en onafhanklik sy eie besluite maak.

Op die kerke sal so 'n kragveld ook baie sterk invloed uitoefen. Mense sal uit die aard van die saak weier om 'n massamens te wees. Enige voorskriftelikheid sal taboe wees. Alles en almal word gewantrou, behalwe dat mense hul lewens sal deel met 'n klein kring van vertrouelinge.

Kerklik sal mense ook simptome van onttrekking vertoon:

- mense wil nie meer uitgaan uit die veiligheid van hulle huise nie;
- wil nie ander besoek nie;
- wil nie aan iets anders deelneem as dit nie deel van sy werk is nie;
- wil nie sy hart oopmaak vir medegelowiges nie, want die vrees vir teleurstelling verhoed dit.

Die kerk kan maklik 'n gemeenskap van *wil-nie* mense word. Oor alles hang groot vraagtekens oor die sin van ons lewe en daar is oënskynlik niemand wat antwoorde kan gee nie. Selfs die antwoorde wat tradisioneel deur Skrifverklaarders gegee is, hou nie meer steek nie en daarom kry die sogenaamde kontekstuele Skrifverklaarders so maklik die voet in die deur. Elkeen kan dan die Skrif verklaar soos dit binne sy konteks vir hom pas. Die konteks waarin ek my nou bevind, word die deurslaggewende vir wat ek van toepassing wil maak of nie.

Hierdie kragveld van vervreemding word baie sterk persoonlik en subjektief beleef (ervaar). Om dié rede kan ook verwag word dat mense wat deur hierdie kragveld gemotiveer word, ook sterk emosioneel gaan reageer op die ervaring van sy samelewing en kerklike gemeenskap.

Kragvelde toegepas op die GKSA

Dit wil voorkom asof al vier die geïdentifiseerde kragvelde die reformatoriese belydeniskarakter van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tans bedreig. Woelinge in kerke hou dikwels verband met een of meer van die kragvelde wat aan die werk is. Dat daar woelinge is, kan deur niemand ontken word nie. Die woelinge sentreer vanaf die een pool van die bekommerde Gereformeerdes tot die ander pool met 'n liberale pragmatistiese (Amerikaanse) teologie.

- *Die kragveld van die gereformeerde karakter* kan self ook 'n groot bedreiging vir die Gereformeerde Kerke inhou. Dit sal gebeur wanneer *gereformeerdheid* met *tradisionalisme* gelykgestel word. Daar sal dus met 'n openheid vir die egte reformatoriese aard van die kerk vorentoe beweeg moet word.

- *Die kragveld van die volkskerk speel in die GKSA 'n rol.* 'n Mens kan nie anders nie as om uit gesprekke, uit wat soms gepubliseer word en uit korrespondensie die afleiding te maak dat daar mense is vir wie dit 'n voorvereiste is om eers Afrikaner te wees en daarna Gereformeerd. Goeie Afrikanerskap is dan 'n voorvereiste vir goeie gereformeerdheid. As artikel 41 KO praat van *skole wat onderhou moet word*, word dit in sekere kringe as *volkskole* verklaar. Talle sulke voorbeelde van die volkskerkgedagte wat lewend en kragtig aan die werk is, sou genoem kan word. Hierdie kragveld dra in homself 'n ondertoon van kerkskeuring, maar dan 'n kerkskeuring wat oor die boeg van ware gereformeerdheid gegooi kan word.

- *Die kragveld van die evangelikaliese spiritualiteit* – by sommige Gereformeerde Kerke bestaan blykbaar ook die opvatting dat die kerk mededingend moet wees. Dit moet meeding met ander vermaaklikhede. Die mens word in die sentrum van aanbidding geplaas en daarom moet die styl van samekomste so wees dat dit lekker is vir mense. Teenoor sogenaamde formalistiese godsdiens word nou gereageer met 'n piëtisties-metodistiese vroomheid van charisma-

"Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan nie so voortgaan nie. As ons nie regtig begin erns maak met die vraag wat wil die Here hê nie, en voortgaan op die pad wat mense wil hê en wat mense verwag en gelukkig maak, dan is ons besig met 'n pad wat tot ondergang lei."

tiese aard. Dit is skokkend om van lidmate te hoor wat sommige Gereformeerde Kerke beskuldig dat hulle erger as sommige tradisionele sektekerke is.

Hierdie kragveld versterk hom met die neiging om teologies nie meer veel erg te hê met die konfessioneel-gebonde kerke nie, maar daar word aansluiting gevind by die Amerikaanse teologiese denke. Hierdie Amerikaanse teologiese denke is dikwels baie sterk deur die pragmatisme gekleur. Die ervaringselement word daarom soms die oorheersende in prediking, sang en aanbidding. Skielik hoor 'n mens nou van lofprysingsbyeenkomste in die Gereformeerde Kerke waar sogenaamde "uitgesoekte liedere" gesing word wat weinig meer as *gospel*-liedjies is.

Ons het eintlik maar weer te doen met die herlewing van die Moody- en Shankybeweging van die vorige eeu. Dit het mode geword om 'n beroep te doen op die Woord, maar dan soos elke individu dit verstaan en om tegelykertyd dan die belydenisskrifte en die Kerkorde te devalueer. Dit is ook so dat al wat kerk, sekte of Christelike godsdienstige stroming is, hulle op die Bybel beroep. Daar word uit die oog verloor dat kerkverband juis gekonstitueer word deur die belydenisskrifte en die Kerkorde.

'n Simptomatiese analise van wat in die Gereformeerde Kerke aan die gang is, dui ongetwyfeld daarop dat ons kerklike gemeenskap dikwels baie sterk in die rigting van die Evangelikaliese of selfs Anabap-tistiese kerke beweeg. Die gevaar is wesenlik dat ons jongmense hiermee eintlik net voorberei word op kerklike verhuising.

- *Die kragveld van vervreemding* dien as 'n vrugbare teelaarde vir die evangelikaliese bewegings wat aan die gang is. Mense begin al hoe meer wegkruip van die harde werklikheid waarin ons ons bevind in Suid-Afrika, in 'n vroomheidsfeer waarin ons mekaar warm broei. Omdat mense onseker geword het van dinge wat vir hulle vasgestaan het, word sekerhede gesoek in 'n klein groep waar die kanse dat vertroue geskok kan word, baie kleiner is.

Dit is ook so dat die kragveld van vervreemding ook die volkskerkgedagte kan bevoordeel, want binne die veilige skanse van jou eie volk vind jy dan die nodige sekerhede. Met geskokte sekerhede is niks meer seker nie en 'n gees van relativisme vat orals pos. Mense is onder die indruk dat daar genoeg skade gedoen is en mense genoeg te nagekom is en daarom moet niemand tog sterk standpunt inneem nie, uit vrees dat iemand weer te nagekom kan word. In hierdie proses word die reformatoriese belydenis en kerkorde as rigied beleef en daarom ook gesien as elemente wat skeur maak.

****

Dit is onmoontlik om al die tendense wat tans binne die Gereformeerde Kerke manifesteer, hier te tabuleer. Die feit is egter dat daar werklik verontrustende dinge aan die gebeur is. Daar is egter ook tekens dat 'n groot groep kerke/kerkrade dit erns maak met die belydenis en dat werklik met erns gevra word na die plek en betekenis van die belydenisskrifte en die Kerkorde. Per slot van rekening is dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis waarin ons bely dat die gesag van die Bybel vir ons die laaste woord spreek.

Indien daar nie regtig binne die kerke met erns gesoek word na werklike uitlewing van die akkoord van gemeenskap binne die kerke in kerkverband nie, dan is die skrif aan die muur.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan nie so voortgaan nie. As ons nie regtig begin erns maak met die vraag wat wil die Here hê nie, maar as ons voortgaan op die pad wat mense wil hê en wat mense verwag en gelukkig maak, dan is ons besig met 'n pad wat tot ondergang lei. Daar sal met oorgawe gesoek moet word om ons kerklike lewe in te stel op die Woord van God en te vra wat die Here verwag.

Ons moet versigtig wees vir Amerikaanse "teologiese" publikasies, waar dit gaan om die toekoms van die kerk en die herstrukturering van die kerk en waarin 'n mens met moeite soms nie 'n enkele Bybelteks kan vind nie. Is ons bereid om te waak en te vermaan teen Charismatiese invloede (vgl. *Die Kerkblad* 26 Augustus 1998, p. 16) soos die Gereformeerd Konfessionele Kerke in die Kongo gedoen het, of gaan ons voort op die pad dat, ter wille van die liewe vrede, ons alles en nog wat in die Gereformeerde Kerke gaan omhels?

'n Mens kan alleen maar saam met Jonker die hoop en bede uitspreek dat die kragveld van die gereformeerde karakter spoedig weer met innerlike dinamiek na vore sal tree.